VAN ONS SUSTERS

9 Oktober 2018. Ons laaste vergadering vir 2018. Dis die vergadering waar ons lekker saam kuier en gesels. Die spreker is Karin Bain, oud-redakteur van Kruispad.
Verskeie redakteursbriewe en staaltjies gaan sy voordra en meer daaroor vertel. Almal hartlik welkom Broers ook!!

Oktoberfees

***SUSTERSVERKOPING* 27 Oktober 2018** beloof om 'n heerlike kuier en koopgeleentheid te wees. Om nie te praat van die lekker saamwerk nie.

Witolifanttafel

Lê daar enige artikels by jou huis rond wat dalk maar in jou pad is en jy die afgelope jare nooit gebruik het nie? Gee dit by die koster af soggens in die week of bring sommer Sondae saam kerk toe.

Navrae by Flip Mostert 082-479-5233 of Faans Steyn, tel. 018-294-6958

PANNEKOEK BAK!

Saterdagoggend 27 Oktober 2018 met ons Oktoberfees, gaan ons heerlike pannekoeke bak en verkoop. Almal wat die oggend wil kom help bak, oprol en verkoop kan my gerus kontak vóór of op 23 Oktober 2018.
(Gee gerus die tye deur wat jou pas en ek trek 'n rooster op.)

Byvoorbaat dankie. ***Marlise Stoop*** (Sameroeper) 076 279 6225

Jongmense

Koffiedrink vir alle jongmense na die aanddiens. Dit gaan baie lekker wees en bied 'n geleentheid vir almal om mekaar te leer ken. Vir enige navrae kontak Willem van Heerden op 076 450 0562.

GKSA BEROEPENUUS

BEROEPE ONTVANG

- Ds HFR Pelser (Riekert) van Vaalharts na Kemptonpark.

BEROEPE BEDANK

- Dr JA Erasmus (Jannie) van Odendaalsrus na Lichtenburg.

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 32 Sondag 7 Oktober 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600** **Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Hulpprediker: Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Kobus Mentz** A7, **Hendrik du Plessis** B1, diakens wyke A7 is **Andries de Klerk** en B1 **Zurich Terblanche**.
Diens Huis Eikelaan om 15:30: Ouderlinge van wyke E1 en E2: **Pieter Hugo en Jonker Venter**
Bussiediens: Vandag ry **Terence Kent** 072 617 7553
Sondag **14 Oktober** ry **Zurich Terblanche** 083 968 6074

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE

Oggenddiens ds Brahm Robinson, aand prof Albert Coetsee

OGGEND: Vooraf: - Psalm 8: 1, 2, 3, 4 & 7
Gebed Votum Groetseën
Lofsang: Psalm 30:1, 3 & 8
Geloofsbelydenis. Wet
Sing: Psalm 119:7 &19
Gebed Woordbediening
Skriflesing: Lukas 16: 19 - 31
TEMA: ***Godgegewe evangelisasie***
Gebed Kollekte
Sing: Psalm 33: 1, 5 & 11. **Seën**

AAND: Skriflesing: Daniël 2:1 - 49
Fokus: Daniël 2: 27 - 28, 37 - 38, 47
TEMA: ***God alleen is soewerein!***
Sing: Psalm 99: 1, 2, 3, 5; Psalm 47: 1, 3, 4; Psalm 2: 1, 2; Psalm 97: 1 ,2, 3,7
Preekskets: Wie regeer? Wie is baas? Wie is die hoogste gesag? Ja, wie is soewerein? Dit

Dagboek

9 Okt: **Susters vergader om 18:30 in ons saal**
19 - 21 Okt: **Gemeente-kamp, Vredefortkoepel**
27 Okt: **SUSTERS SE VERKOPING**

hang alles natuurlik af van wie jy vra. In Daniël 2 word daar duidelik geopenbaar: God alleen is soewerein!
Koning Nebukadnesar het 'n ontstellende droom gehad. Gevolglik roep hy al die wyse manne in sy koninkryk byeen om die droom vir hom uit te lê. Maar hy maak dit nie maklik nie. Hy wil beide die droom en sy uitleg hê! Hy wil seker maak dat hulle hom nie 'n rat voor die oë draai nie. Toe hulle dit nie kon doen nie, beveel hy dat al die koninklike raadgewers van Babel doodgemaak moet word – onder andere ook Daniël en sy vriende.
Nadat Daniël innig tot God gebid het, het Hy die droom en sy uitleg aan hom bekend gemaak in 'n nagtelike visioen. In die gesprek tussen Nebukadnesar en Daniël wat volg word daar dan vanuit verskillende hoeke beklemtoon:

GOD ALLEEN IS SOEWEREIN

1. Hý maak die droom en uitleg aan Daniël bekend.
2. Hý het Nebukadnesar as koning aangestel.
3. Hý laat Nebukadnesar sy soewereiniteit bely.
4. Hý rig 'n ewige koninkryk op.

WAT MOET ONS DOEN?

1. Leef vanuit God se soewereiniteit!
2. Leef jou geloof uit in hierdie vyandige wêreld!
3. Bid innig en vurig tot God!

As ons weer die vraag vra: Wie regeer? Wie is baas? Wie is die hoogste gesag? God alleen is soewerein!

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir ons **Jeug**
Vanaand se kollektes gaan vir Gereformeerde Gemeente Cachet.
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir **Emeritaatsversorging**

KATEGESE



Sondagkategese begin weer **Sondag 14 Oktober.**
Maandag lees *Laat my lammers wei* Hoofstuk 62
Sondag 14 Oktober moet julle **Les 24** en **Psalm 71: 1** leer.
Woensdagkategese begin weer 10 Oktober
Katkisasie vir hoërskoolkinders op **Woensdae** om 14:15 vir Graad 8 – 10. 17:10 vir Belydenisklas by die pastorie

GeopendeDeure
Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd

Geopende deure is 'n bediening wat bewustheid kweek vir die wêreldwye vervolgde kerk. Hulle is in 68 lande werksaam waar Christene beperk word in hul geloof. Kyk gerus na hul Wêreldwaarnemingslys (WWL)(soos die een hieronder) wat hul jaarliks opstel om te bepaal waar die meeste hulp benodig word
https://www.opendoors.org.za/eng/persecuted_christians/world_watch_list/

Op **14 Oktober 2018, na die aanddiens**, kom een van hul verteenwoordigers, Cliff Ellis, ons gemeente toespreek. Hy is volledig tweetalig en kom ons in Afrikaans toespreek.
Hy kom kortliks aan ons deel oor sy getuienis en ervarings wat hy persoonlik ervaar het met al sy reise na die lande waar baie Christene vervolg word. Hy gaan ook kortliks statistiek noem oor vervolging in die wêreld.

PALESTYNSE GEBIEDE

Streek: Midde-Ooste
Leier: President Mahmoud Abbas
Bevolking: 4 928 000
Christen: 1.4%
Meerderheidsgeloof: Islam
Regering: Federale Parlementêre Republiek

"'n Ligpunt is die klein, maar groeiende aantal bekeerlinge van Islam tot Christenskap."

Die voortdurende Israeli-Palestynse konflik skep baie uitdagings. Inheemse Christene ervaar beperkinge van die Israeliese kant, terwyl hul geloof hulle 'n minderheid in die Palestynse gemeenskap maak. Die area word deur drie verskillende entiteite regeer: Hamas, die Israeliese weermag en die Fatah-party. Christene bevind hulself onder dieselfde beperkinge as die bevolking in die geheel. Die Christenpopulasie krimp namate meer mense na ander lande reis om beter vooruitsigte te vind.
Alhoewel Christene in die Gasastrook deur Hamas verdra word, word hulle nie beskerm nie. Christene in die Gasastrook word deur radikale Islamitiese vigilante groepe gedreig. Die Israeliese militêre wet in dele van die Wesoewer het gelei tot beperking van beweging, wat beteken dat Palestynse Christene nie by sekere kerke kan uitkom nie. Die lewe in hierdie area is moeilik vir almal, maar Christene wat bekeer van Islam is onder nog erger druk. Die klein groepie gelowiges hou meestal hulle geloof 'n geheim om teistering en intimidasie te vermy.
In samewerking met plaaslike vennote en kerke, ondersteun Geopende Deure die Kerk in Israel en Palestina deur dissipelskap, verspreiding van Bybel en Christelike literatuur, sosio-ekonomiese ontwikkeling, voorspraak, navorsing en gebedsbediening.

- Met erkenning aan Geopende Deure

BYBELSTUDIES Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:
Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer.
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.

VERGADERINGS in Oktober:
9 Oktober: **Sustersbyeenkoms** om 18:30 in kerksaal
15 Oktober: **Gemeentebladkommissie** om 17:30 te Nieuwestraat 16
17 Oktober: **Finansiëlekommissie** vergader om 18:30 in kantoor
22 Oktober: **Beplanningskommissie** vergader om 18:30 in kantoor
23 Oktober: **Eiendomskommissie** vergader om 18:00 in kantoor
24 Oktober: **Kategesekommissie** vergader om 17:15 by pastorie
27 Oktober: **SUSTERS SE JAARLIKSE VERKOPING**
28 Oktober: **Kerkraadsvergadering om 16:00 in kerksaal**
29 Oktober: **Diakonie** vergader om 18:00 in kerksaal

TER APPROBASIE Die volgende broeders word ter approbasie aan ons lidmate voorgehou.
As diakens: Willem van Heerden, Hannes Coetzer, Marten Boersema, Jan de Wet, Riekert van Lith, Carel Marais, Hannes Vorster, Naldo Kent.
As ouderlinge: Frikkie Venter, Fanie Jooste, Reinhart Boersema, Elmie Reyneke en Frans du Toit.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende dié week verjaar baie geluk met jou verjaardag:

8 Okt **Petro van der Walt,** Huis Eikelaan S 52, ☎ 018 294 6493
11 Okt **Enrikus Badenhorst,** Presidentstraat 44, ☎ 076 230 0635
Mariska Oosthuizen-van Tonder, Rivierstraat 22, ☎ 073 238 1179
13 Okt **Rita Cilliers,** Mareestraat 70, ☎ 083 453 9226
Carina Viljoen, Presidentstraat 72, ☎ 079 079 2432

FOTOBORD Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord. **Melissa Kent** sal die foto's neem

VAN ONS DIAKONIE

Die kollektes vir **Barmhartigheid** van Sondag 30 September R 5 250 en die kollekte vir die **Emeritaatsfonds** was R 2 450.

DIAKONIE SE KOSKAS
Baie dankie aan almal wat help om ons blikkieskos aan te vul. As jy 'n blikkie kos koop gooi maar 'n ekstra een in die mandjie vir die Diakonie. U kan enige ander nie-bederfbare kos ook skenk.

Gemeentekamp – 19 tot 21 Oktober 2018

Almal is welkom. Jong en oud. Getroud en ongetroud. Vir een dag of vir twee nagte. Dis jou keuse, maar ons wil soveel as moontlik van die gemeente daar sien.
Die plek is **Takwasa naby die Venterskroonkoepel**, 36km vanaf Potchefstroom op die oewer van die Vaalrivier.
Volgende week plaas ons 'n padkaart!
Ons gaan heerlik kuier en saam Bybelstudie doen. Ds. Ronald gaan ook toerusting gee. Die kamp se amptelike program begin Vrydagaand 18:00, maar dié wat al vroeër wil kom, kan lekker koek en koffie kom drink om 16:00. Saterdagoggend begin ons om 08:00 - 14:00. Daarna kuier ons verder.
Die koste beloop R250 pp vir die volwassenes vir die naweek en R50 vir dagbesoekers. Gee jou naam op by die kerkkantoor of by Karin so gou as moontlik sodat ons die slaapplekke kan indeel.
Ons wil ook reël dat soveel as moontlik mense saamry.
So laat weet as jy net 'n dagbesoeker gaan wees.
Nog besonderhede in volgende Sondag se Op die Kerkwerf
Skryf solank jou naam op die lys agter in die saal.

VAN DIE KONINGSKINDERS

Hoërskool Koningskindersaksie
12 Oktober 2018 om 16:30 tot 20:00
Waar? Gereformeerde Kerk Potchefstroom Sentraal.

Laerskool Koningskindersaksie
12 Oktober 2018 vanaf 13:30 tot 17:00
Waar? Gereformeerde Kerk Bult